# 'n Hekellappie vir jou kas

**Verfraai jou kleedtafel met 'n pronkstuk. Dit sal 'n besonderse fokuspunt in jou kamer skep. Saamgestel deur Sandra Bodenstein**

## BENODIGDHEDE

Een 50 g-bol Pingouin-hekelgare nr. 8, kleur nr. 01; hekelpen van 1,75 mm.

**Let wel:** Tensy aanbevole hekelgare gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

## MATE

Die doilie is sowat 17,5 cm in deursnee.

## AFKORTINGS

gs – glipsteek; ks – kettingsteek; gl – glip; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; st(e) – steek(steke); sp(s) – spasie(s); tr – trossie, soveel steke soos genoem saam afgewerk; p – picot, 3ks, gs in 1e ks; beg – begin; herh – herhaal; vlg – volgende.

## AANWYSINGS

Beg met 6ks, gs in 1e ks om ring te vorm. Let wel: Elke rondte sluit met gs in 1e st van rondte en elke rondte begin met 3ks, wat 1e lb van rondte vervang, tensy anders aangedui.

**1e rondte:** 18kb in ring, gs in 1e kb.

**2e rondte:** 3ks, *3ks, slaan 2kb oor, 1lb in vlg kb; herh van * nog 5 keer; eindig met 3ks, gs in 3e van 3ks – 6 sps.

**3e rondte:** *1lb in lb, 7lb in sp; herh rondom – 48lb.

**4e rondte:** *1lb in elk van vlg 8lb, 4ks; herh rondom – agt 4ks-sps.

**5e rondte:** *1lb in elk van vlg 8lb, 4ks, 1kb in 4ks-sp; 4ks; herh rondom.

**6e rondte:** *Slaan 1e lb oor, 6lb in vlg 6lb, slaan laaste lb oor, 4ks, 1kb in vlg sp, 4ks, 1kb in daaropvlg sp, 4ks; herh van * rondom.

**7e rondte:** *Slaan 1e lb oor, 4lb in vlg 4lb, slaan laaste lb oor, (5ks, 1kb in vlg sp) 3 keer, 5ks; herh rondom.

**8e rondte:** *Slaan 1e lb oor, 1lb in elk van vlg 2lb, slaan laaste lb oor, (5ks, 1kb in vlg sp) 4 keer, 5ks; herh van * rondom.

**9e rondte:** 4lb tussen 2lb, 4lb in elke sp; herh rondom.

**10e rondte:** *4lb-tr oor vlg 4lb, 6ks; herh rondom, eindig met gs in sluit-st van 1e 4lb-tr.

**11e rondte:** gs tot in middel van sp, 1kb in sp, *3ks, (1dsl, 1ks) 3 keer, 1dsl in vlg sp, 3 ks, 1kb in vlg sp, dan: 2ks, (een 3dsl-tr, 2ks) 4 keer, 1kb in vlg sp; herh van * rondom, eindig met gs in 1e kb.

**12e rondte:** gs tot 2e dsl; *1kb tussen 2e en 3e dsl, 10ks, 3dsl-tr in 2ks-sp tussen eerste 2 dsl-tr van vorige rondte, 4ks, 3dsl-tr tussen 2e en 3e dsl-tr, 4ks, 3dsl-tr tussen 3e en 4e dsl-tr, 10ks; herh rondom, eindig met gs in 1e kb.

**13e rondte:** *(1dsl, 1p, 1dsl) in kb; daarna 2ks, 1kb in sp, 3ks; maak in sluit-st van eerste 3dsl-tr (1dsl, 1p) 3 keer plus 1dsl; dan 2ks, 1kb in sluit-st van 2e dsl-tr, 2ks, daarna (1dsl, 1p) 3 keer plus 1dsl in sluit-st van 3e dsl-tr, 3ks, 1kb in sp, 2ks*; herh van * tot * rondom, eindig met gs in 1e dsl. Knip werkdraad af en werk netjies af.



foto MARIAM GILLAN; lappie gehekel deur SARIE FREEMAN; patroon afgerond deur SJOUKJE JORDAAN; patroon en ontwerp PINGOUIN-ATELJEE